

Noordelike sinode

VERSLAG: TAAKSPAN BEGROTING

Sinodesitting 16 tot 20 Oktober 2022

1. SAMESTELLING EN BELEID

Taakspanlede

Pieter Brynard, Heinrich Carstens, Paul Grobler, Johan Kruger (taakspanleier), Marco la Grange, Wynand van Niekerk.

1.1 Konteks

Die Noordelike Sinode bestaan uit al die gemeentes in sy gebied. Alle sinodale fondse behoort dus in die laaste instansie aan die gemeentes. Daar word deur gemeentes, in sitting as die sinode, besluit op 'n strategiese rigting en sekere fokusareas/doelstellings wat vir die sinode belangrik is. Hierdie fokusse word deur die SDR geprioritiseer en met die fokusareas en prioriteite as uitgangspunt, word die begrotings jaarliks deur die SDR goedgekeur.

1.2 Bronne

Die sinodale begroting word uit slegs 3 bronne gefinansier:

- Geld wat van gemeentes ontvang word in die vorm van bydraes vir gesamentlike werk,
- Opbrengs op beleggings (In totaal aangewend vir die subsidiëring van emeriti mediese subsidies) Die beleggings het nie ontstaan uit fondse wat direk van gemeentes ontvang is nie, maar uit die verkoop van eiendomme soos die Sinodale Sentrum in Visagiestraat, 'n aandeel in die Van Riebeeckgebou, AcaDeo terrein, asook die plase Kranskop en Bethesda wat deur die staat onteien en vergoed is a.g.v. grondeise.
- ander skenkings

1.3 Zero basis benadering

Dit impliseer dat daar elke jaar, met arbeidsregtelike riglyne in ag geneem, de novo na elke item op die begroting gekyk word in terme van die prioriteit en bekostigbaarheid daarvan.

1.4 Inkomste gedrewe

Eers nadat dit bekend is wat die beraamde beskikbare inkomste is in terme van bydraes vir gesamentlike werk en opbrengs op beleggings kan die uitgawe begroting opgestel word. Slegs daardie werk kan dus gedoen word wat bekostig kan word uit die beskikbare inkomste.

2. BEGROTINGSKATEGORIEË

Die sinodale begroting bestaan uit twee kategorieë:

- 2.1 Bedieningsondersteuning, wat insluit gesamentlike werk (CMR, Studentebediening, Kerkverband, NG Kerk familie en ander kleiner werksaamhede), asook ondersteuning van gemeentes.
- 2.2 Sinodefunksionering, wat insluit kantooradministrasie, voorsienings (verlof, sinodesittings en instandhouding).

3. DIE TAAKSPAN

- 3.1 Die lede van die Taakspan word jaarliks deur die SDR aangewys om die begroting vir die volgende finansiële jaar op te stel.
- 3.2 Daar vind jaarliks een vergadering plaas, waarna die Ringsverteenvoordigers vir Finansies van al die ringe vergader om insette rakende die begroting te maak.
- 3.3 Daarna word die begroting aan die moderatuur (SDR dagbestuur) voorgelê, wat ook insette maak en die begroting aanvaar vir verwysing na die SDR.
- 3.4 Die SDR neem die begroting in behandeling, wysig dit indien nodig en keur dit goed wanneer hulle tevrede is met die syfers.
- 3.5 Die begroting kan daarna slegs deur die SDR gewysig word op versoek van die moderatuur.

4. DIE RINGSVERTEENWOORDIGER VIR FINANSIES

Vir die doel van skakeling m.b.t. finansies tussen die SDR en gemeentes, wys elke ring 'n Verteenvoordiger vir Finansies (RVF) aan.

- 4.1 Die RVF word verkieslik vir nie minder nie as 4 jaar aangewys, van sinodesitting tot sinodesitting.
Ter wille van gesonde kommunikasie rakende finansies, word die RVF adviserend deur die ringskommissie betrek by alle aangeleenthede rakende finansies.
In enige geval waar die Taakspan vir Bedieningsondersteuning konstitueer om 'n aansoek rakende 'n ringsgemeente te hanteer, of vir welke rede wat finansies raak, is die RVF ex officio lid van die Taakspan.
In enige saak rakende finansies is die RVF die eerste punt van aanmelding vir óf die ring/gemeente óf die kantoor van die direkteur.

5. FUNKSIES VAN DIE RINGSVERTEENWOORDIGER (RVF)

Die RVF hanteer die proses rakende die vasstelling en invordering van bydraes vir gesamentlike werk soos verder omskryf. Sy/hy:

- 5.1.1 staan gemeentes by m.b.t. finansiële navrae en aansoeke vir bedieningsondersteuning,
- 5.1.2 bied ondersteuning aan gemeentes met die opstel van begrotings vir, en voltooiing van vorms BGW 2 vir tydige indiening by die sinodehuis,
- 5.1.3 is die rekenmeester behulpsaam om die finansiële state van gemeentes binne hul ring tydig in te vorder na jaareinde oudits,
- 5.1.4 is die rekenmeester behulpsaam daarmee om die semesterverslae van gemeentes binne sy ring tydig in te vorder na die einde van Augustus,
- 5.1.5 kontroleer dat finansiële verslae van gemeentes binne sy ring by ringsittings dien, en adviseer die ring m.b.t. die finansies van gemeentes,
- 5.1.6 kontroleer dat gemeentes binne sy ring se verpligting teenoor die SAID, ingevolge die Inkomstebelastingwet, nagekom word, soos van tyd tot tyd deur die SAID gewysig, en
- 5.1.7 hanteer alle ander kommunikasie rakende finansies tussen die gemeente en die SDR.

6. VERLOOP VAN DIE BEGROTING EN RESULTATE

Sien die verslag van die SDR 6.3.4.2.